DW DEVELOPMENT WORKSHOP CHILDREN

AFRIKAANS



# Loki wil nie bad nie

Die boek behoord aan:

# Loki wil nie bad nie

**Title:** Loki wil nie bad nie

**Author:** Vanessa Ukca

**Illustrations:** Shiya Karuseb

**Translated by:** Esmeralde Munana

**Layout and design:** John Meinert Printing

**Publisher:** Development Workshop Namibia

20 Nachtigal Street
P O Box 40723, Ausspannpaltz
Windhoek, Namibia

**Printed by:** John Meinert Printing


**ISBN:** 978-99945-58-43-8

**Copyright:** *All rights reserved by Development Workshop Namibia. School children and teachers can make copies and use this book in schools. This book and /or its content may not be reproduced or copied for commercial purposes.*

***The production and printing of this publication is supported by:***

DW DEVELOPMENT WORKSHOP CHILDREN

PUPKEWITZ FOUNDATION




Loki hou daarvan om buite saam met sy vriende te speel.






Nadat hy gespeel het, kom Loki vuil huis toe. Sy ma Lily wil hê Loki moet bad.


Loki gaap en sê: “Mamma, ek is baie moeg. Ek sal môre oggend bad.”



Loki droom dat hy bad. Terwyl hy in die bad is, kom die prop uit. Soos die water dreineer, trek dit Loki in die pyp af!



Die volgende dag gaan Loki skool toe sonder om te bad. Ná skool gaan Loki huis toe en help sy ma om te kook. “Ag nee, Loki, jy het kos op jouself gemors!” Sy ma probeer dit afvee, maar hy is nog steeds vuil. Na ete, sê Ma Lily: “Kom ons gaan bad Loki.” “Nee Mamma, nie nou nie asseblief. Ek is so vol, ek kan nie nou bad nie.”




Loki gaan slaap en droom dat hy bad. Skielik verander die water in muskiete wat hom oral begin byt!



Loki gaan in die oggend skool toe. Vandag skilder die kinders in die kuns klas. Dit is pret, maar morsig! Loki kom huis toe vol verf. Ma Lily wil hê Loki moet bad en sy klere was, maar Loki sê: “Juffrou het gesê ons moet ons klere hou soos dit is, dit is kuns”




Loki gaan slaap en droom dat hy onder 'n waterval staan. Die geluid van die stormende water is so hard, en die water loop in sy ore in. Hy kan niks hoor nie en voel alleen en bang.




Loki help sy pa Lionel in die tuin. Hy plant tamatiesaad en gee die plante water. Toe ma Lily hom so vuil sien, sê sy: “Loki, wat het jy gedoen? Hoekom is jy so vuil?” Loki verduidelik: “Ek en Pappa het Tamaties geplant”. Ma Lily sê: “Sjoe, welgedaan! Nou is dit tyd om te bad.” Loki sê: “Mamma, ek sal later gaan bad, ek is nou baie



honger van al die werk saam met Pappa in die tuin. Kan ons eers eet?" Ma Lily stem in en hulle eet. Nadat hy geëet het, sluip Loki vinnig sy kamer binne, klim vinnig in sy bed en slaap.




Loki droom dat hy bad, en die water verander in warm sop!



Ma Lily vra vir Pa Lionel: “Hoekom wil Loki nie bad nie?”
“Ek weet nie,” sê Pa Lionel. “Ek het ‘n idee!”



Hy onthou skielik ‘n klein speelgoed-eend waarmee hy gebad het toe hy ‘n kind was. Pa Lionel gaan soek sy eend in ‘n paar bokse.



Ma Lily en Pa Lionel begin ‘n bad voorberei om Loki te verwelkom. Hulle vul die bad vol met lou water, gooi lekker-ruik seep en die plastiek eendjie by. Hulle het selfs  vir Loki ‘n swembril gekoop.



Toe Loki die bad en die eendjie sien, en die lekker warm water voel, was hy nie meer bang nie en die slegte drome het weg gegaan.

Hy het in die bad geklim en lank met die eendjie gespeel. Loki was baie gelukkig in sy bad. Ma Lily en Pa Lionel het ‘n liedjie saam met Loki gesing terwyl hy sy bad geniet het.

Toe hy uit die bad klim, was Loki so bly dat hy skoon is. En hy het vir ma Lily gesê: “Ek sal elke dag bad, sodat ek skoon kan wees!”

Publication is supported by:

PUPKEWITZ FOUNDATION

DW DEVELOPMENT WORKSHOP CHILDREN

ISBN: 978-99945-58-43-8

9 789994 558438